Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Devigi Pillay**
Direktoraat: Diensvoordele
Devigi.Pillay@westerncape.gov.za | 021 467 2477

Lêerno.: 3/3/R
Verwysing: 20231113-9711

Omsendbrief: 0033/2023
Vervaldatum: 31 Desember 2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders en Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore)

Kort opsomming: *Jaareindfunksies en vrye tyd in 2023.*

**Onderwerp: Jaareindfunksies en vrye tyd vir werknemers by Hoofkantoor en distrikskantore in 2023**

1. Ooreenkomstig die transversale riglyne vir departementele jaareindfunksies, het die uitvoerende komitee van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement die volgende riglyne uiteengesit:

1.1 Werknemers sal toegelaat word om **een** jaareindfunksie gedurende die feestyd by te woon.

1.2 Wat koste betref, sal werknemers hul eie uitgawes vir hierdie jaareindfunksies moet dek.

1.3 Die jaareindfunksie kan enige vorm aanneem, maar mag **nie vroeër as 11:00 begin nie**. Werknemers mag direk na die funksie terugkeer huis toe.

1.4 Staatsgarage-voertuie **mag nie** vir hierdie doel **gebruik word nie**, aangesien werknemers geag word om **nie** gedurende hierdie geleentheid **aan diens** te wees **nie**.

1.5 Ongelukkig sal geen verdere versoeke om vrye tyd vir Kersinkopies of die bywoning van enige funksies goedgekeur word nie.

1.6 Dit is ook belangrik dat reëlings vir jaareindfunksies in samewerking met die betrokke lynbestuurders (op direkteursvlak) getref word en dat hoofde van direktorate die nodige reëlings vir noodsaaklike dienste tref om te verseker dat alle navrae aandag geniet.

2. Werknemers wat jaareindfunksies bywoon, word versoek om dit op 'n verantwoordelike en veilige wyse te doen. Geniet die wegbreek en vrye tyd.

3. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-11-21